

Neville Alexander-erelesing: Internasionale dekade van inheemse tale 2022-2032

Deur Hein Willemse – 15 Oktober 2022, Paarl

Na raming is daar sowat 6 000 gesproke tale in die wêreld, waarvan net meer as 100 ortografieë het. En die getalle neem drasties af. Daar word beraam dat binne die volgende tagtig jaar ten minste 50% van die huidige gesproke tale in die wêreld uit sal sterf...Die anglosentrisme van die ekonomiese elite het verdiep en weinig is gedoen om Afrikatale stelselmatig te bevorder.

(’n Voordrag gelewer by die toekenning van die Neville Alexander-eerbewys en die aankondiging van die prysweners van die Arabies-Afrikaanse skryfkompetisie, Pearl Mountain-landgoed, Paarl, Saterdag 15 Oktober 2022.)

I

Die Departement van Sport, Kuns en Kultuur het ’n paar dae gelede die “Internasionale dekade van inheemse tale 2022-2032” by die Ditsong Nasionale Museum vir Kultuurgeskiedenis in Pretoria geloods.

Verteenwoordigers van inheemse tale het dié geleentheid bygewoon waar onder meer ’n N|uu-woordeboek in meertalige formaat bekendgestel is, met Ouma Katrina Esau, die enigste oorlewende moedertaalspreker wat

haar toespraak in Afrikaans gelewer het. Ek dink dr Neville Alexander sou met genoegdoening, maar ook met verontrusting, van die geleentheid kennisgeneem het, maar daaroor later.

Die “Internasionale dekade” is ’n projek van UNESCO, die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie. Dit is wesenlik ’n wekroep vir die beskerming van gesproke inheemse tale. Na raming is daar sowat 6 000 gesproke tale in die wêreld, waarvan net meer as 100 ortografieë het. En die getalle neem drasties af. Daar word beraam dat binne die volgende tagtig jaar ten minste 50% van die huidige gesproke tale in die wêreld uit sal sterf. Dit beteken nagenoeg 3 000 gesproke tale sal nie meer in die 22ste eeu gepraat word nie. UNESCO skat dat die persentasie van uiters

DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM
Ditsong Nasionale Museum & Monument
DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT

Kultuur, natuur, plezier

U word uitgenooi na die vyfde
**NEVILLE
ALEXANDER-
GEDENKLESING**
met gasspreker prof. Hein Willemse

op Saterdag, 15 Oktober 2022, om 9:30 vir 10:00
te Pearl Mountain, Bo Langstraat, Groenvlei, Paarl.

Tydens dié glansgeleentheid sal die weners van
die Arabies-Afrikaanse kompetisie en Neville
Alexander-prestige-eerbewyse ter bevordering
van Afrikaans aangewys word.
Verversings en heerlike middagete
word bedien.

RSVP TEEN 11 OKTOBER OM 13:00
BY JEFFREY OP 021 872 4331 OF
BEMARKING2@TAALMUSEUM.CO.ZA

NASPERS

bedreigde of uitgestorwe tale nader aan 90 of 95% sal wees, wat beteken dat slegs tussen 300 en 600 gesproke tale teen die einde van die eeu nog sal voortbestaan.

Die UNESCO-projek is gevolglik 'n oproep om die “grondwetlike en wetlike erkenning van inheemse tale” sowel as die inwerkingstelling van aksies vir hul bewaring en opbloeï. UNESCO stel onder meer voor dat die infrastruktuur vir die bevordering van inheemse tale geldelik ondersteun moet word en dat “inheemse universiteite” die ontwikkeling daarvan moet steun. Die doel is om deur volgehoue ontwikkeling vrede en versoening in plaaslike gemeenskappe deur die wêreld te bevorder.

Die Departement Sport, Kuns en Kultuur wat die internasionale oproep steun, het in sy verklaring aangedui dat hy die belang van inheemse tale in die ontwikkeling van maatskaplike samehorigheid en nasiebou erken, 'n bewustheid sal skep vir die inheemse bevolking se taalregte deur “aktiwiteite wat op beleidsontwikkeling en -implementering” sal konsentreer. Die Departement stel hom ook ten doel om die “probleme rakende die lae profiel van inheemse tale aan hoërondewysinstellings” te ondersoek en ook Gebaretaal, Khoi-, San- en Namatale te bevorder.

II

Dit is tien jaar sedert die oorlye van Neville Alexander op 27 Augustus 2012. In 'n huldeblyk op LitNet het ek destyds geskryf dat ek hom hoofsaaklik in taalpolitieke verband leer ken het. Ons het soms op dieselfde komitees en rade gedien of aan konferensies en simposiums deelgeneem. Op 'n stadium was ek die raadsvoorsitter van die National Language Project (NLP) waarvan Neville die stigter en een van die raadslede was. Alhoewel hy hom as stigter teenoor sy jong voorsitter kon laat geld het, het ek nooit die gevoel gekry dat hy sy stempel wou afdwing nie. Ons het naas administratiewe sake dikwels in ons vergaderings indringende taalfilosofiese en selfs politiek-teoretiese gesprekke gevoer. Wat my opgeval het, is hoe Neville aandagtig na 'n gesprek kon luister en nadat almal hulle sê gehad het, sy bydrae kon lewer. Dikwels sou hy die verskillende standpunte opsom, die kern daarvan uitlig en sy posisie stel. Dit was nie noodwendig altyd 'n kompromis nie, soms was dit reëlreg teen die heersende stemming van die vergadering of diskussie in. Dikwels het sy argument oortuig en kon ons dit aanvaar. Soms was hy aan die minderheidskant en het hy dit aanvaar.

In die National Language Project was die heersende perspektief dat die destydse regering taal as 'n vorm van beheer gebruik het; dat die taalbeleid 'n kernrol gespeel het in die implementering van apartheid. Dink aan die wyse waarop die tuislande versnipper, en die wyse waarop taal onlosmaaklik aan identiteit en kultuur gekoppel is. Die vraag wat ons gevra het, was hoe kan ons taal gebruik as 'n verenigende instrument eerder as een wat verdeel. Die NLP het 'n tweeledige taalbeleid voorgestaan. Engels sou as die “skakeltaal” dien. Engels het die tweede taal geword waarin mense oor maatskaplike grense heen gekommunikeer het. Ons het voorsien dat in 'n ontluikende “nuwe Suid-Afrika” daardie ingesteldheid nie sou verander nie. Die tweede been van die NLP se taalvisie was dat in die verskillende landstreke, die dominante streektaal aktief bevorder moes word, met die klem op “aktief”. Streektaal het beteken dat alle inwoners van 'n streek daaraan blootgestel moes word. Byvoorbeeld, in die Vrystaat moes Afrikaans en Sotho aktief as streekstale bevorder word; in Natal, sou Zoeloe voorrang moes geniet. Dit sou beteken dat Zoeloe aktief as onderrigtaal vir alle Natallers bevorder moes word.

Die NLP was bewus van die nagevolge van die implementering van moedertaalonderrig onder die apartheidregering. Moedertaalonderrig is as 'n instrument van verdeling aangewend en veral teenstanders van Bantoe-onderwys het sterk daarteen te velde getrek. So is taal byvoorbeeld gebruik om statiese etniese identiteite af te dwing. Daar was tien tale met tien “volksgroepe”. Die apartheidregering se toepassing van die moedertaalbeginsel het oneindige skade aan die idee daarvan gerig. Dit moet dus geen verrassing wees dat vanaf die 1950's daar hewige verset teen die beleid van moedertaalonderwys was nie, omdat dit saamgehang het met die inwerkingstelling van 'n apartheidsonderwysbeleid wat onderwysers en politieke leiers as minderwaardig beskou het. Dit was 'n onderwysbeleid wat nie-wit mense in hulle plek as minder deelgenote aan die ekonomie moes hou.

Taalkommunikasie het in die NLP-denkram voorrang geniet. Die taalvariëteit wat van belang was, was dié wat die sprekers van die taal gebesig het, eerder as die sogenaamde standaardvariant. Die standaardvariëteit is eerder beskou as 'n ortografiese gegewe, eerder as 'n gesproke variëteit. Die algemene doel van taalkommunikasie moes toegang, demokratisering en veeltaligheid wees. Mense op die marges van die samelewing, het die NLP gereken, moes deur taal toegang tot die ekonomie kry om hul lewens te verbeter.

Dit was die gesprek teen die middel van die jare tagtig. Ek onthou dat ons hierdie idees deur tydskrifte, pamflette en konferensies verkondig het. Die NLP was die eerste toegewyde taalorganisasie om die idee van veeltaligheid sterk te propageer. Dit is nie oral goed aanvaar nie. Uit establishment-Afrikaanse geleedere was daar teenkating teen dié model van veeltaligheid. Afrikaner-kultuurorganisasies het kopsie gemaak dat Afrikaans afgegradeer word in dié taalmodel. Daar is gesê dat nie hulle of die regering dit sal duld dat die status van Afrikaans aangetas word nie. Hulle het voorgestel dat Afrikaans en Engels behou moet word as amptelike tale en dat daar veeltaligheid vir die Afrikatale as streekstale moet geld.

Ons in die NLP het gereken dat dié standpuntinname glad nie rekening hou met die diep lae van vernet teen Afrikaans veral in stedelike gebiede nie. Daar was geen manier waarop 'n situasie teweeggebring kon word waar Afrikaans in 'n toekomstige talebestel bo Afrikatale verhef kon word nie. Tweedens, die aandrang van die Afrikanerorganisasies was gegrond op magsbehoud na die regeringsverandering. Teen 1987 was ons in die National Language Project nie oortuig dat daar selfs 'n relatief vreedsame oorgang sou wees nie. Ons was midde-in 'n vlaag van ongekende politieke geweld en die apartheidstaat was in krisis. Ons was glad nie oortuig dat Afrikanerbeheer enigins sou voortbestaan nie.

Vanuit die geleedere van sprekers van ander Suid-Afrikaanse tale was die verstekopsie Engels. Die standpunt oor moedertaalonderrig wat ek hierbo gestel het, het ons gereeld in verskeie vorme gehoor. Die politieke en maatskaplike elite — plaaslik en in ballingskap — was anglosentries: hulle praat Engels in die werkplek, hulle leer hulle kinders van kindsbeen Engels en die inheemse taal word hoogstens 'n sekondêre taal wat per geleentheid gebesig word. Die gevolg is dat in elite-kringe Suid-Afrikaners vervreemd van hul inheemse tale geword het.

Van die projekte van die NLP was gevolglik om juis die waarde van moedertaalonderrig tuis te bring, sodat kinders kon leer dat hul moedertale waardig is en voorts dat nie-sprekers van daardie tale 'n hoë vlak van taalvaardigheid kon bereik wat hulle byna vlot sprekers maak. So, het ons gedink kon die gelykwaardigheid van tale bereik word en kon groter waarde in kommunikasie gesien word, eerder as die hiërargie van tale wat kolonialisme en later die apartheidbeleid in die hand gewerk het.

III

Neville Alexander se eie standpunte sluit baie nou aan by hierdie breë uitgangspunte van die NLP. Dit kon nie anders nie, omdat hy as stigter 'n sentrale rol in die formulering van die taalbeleid gespeel het, maar die standpunte is in gesprek, woord en wederwoord, verfyn, sodat daar soms tog duidelike onderskeid tussen of uitbreiding van die standpunte van die NLP-navorsers en Alexander was.

Alexander se sentrale vertrekpunt was ten eerste politiek-teoreties, en nie uitsluitlik taalgerig nie. Sy sentrale vraag in dié opsig was: Hoe vorm ons 'n verenigde nasie? Sy uitgangspunt was dat Suid-Afrika op verskeie grondslae verdeel is, byvoorbeeld op grond van ras, etnisiteit, sosiale klas (dit wil sê die verdeling tussen ryk en arm), godsdiens, seksualiteit en maatskaplike ongelykheid. Van al dié verdelings gee Alexander spesiale aandag aan die idee van ras en nie-rassigheid. Vir hom as historiese materialis is ras en etnisiteit ideologiese skeppings. Vandag gebruik ons dikwels die begrip “sosiale konstruksies” wat verband hou met die begrip ideologiese skepping.

Wat bedoel ek daarmee? Alexander gaan van die standpunt uit dat die ekonomiese struktuur van 'n breër samelewing bepaal hoe ons dink oor wie ons is en hoe ons in 'n samelewing funksioneer. Dit is natuurlik erg vereenvoudig. Maar dit beteken dat die onderliggende ekonomiese struktuur ons rolle as vrou of man, as werker of werkgewer, as gelowige of ongelowige medebepaal. Die verskillende ekonomiese belange, byvoorbeeld tussen werker en werkgewer, lei tot botsings wat daartoe aanleiding dat instellings in 'n samelewing so ingerig word dat dit hoofsaaklik die belange van die dominante ekonomiese klas dien. Dit geld vir skoolopleiding, die regspleging en selfs die manier waarop mense geklassifiseer word. Die meeste mense het gewoonlik min insig in die onderliggende struktuur en hul rol in daarin of hoe dit hulle idees en perspektiewe daardeur beïnvloed word. Hierdie lens of lewensbeskouing maak dit vir Alexander moontlik om na ras as ideologiese skepping te kyk en te verklaar hoe dit in Suid-Afrika tydens kolonialisme en apartheid aangewend word.

Ras, syns insiens, kan nie as basis vir sy beskouing oor die vereniging van die Suid-Afrikaanse nasie gebruik word nie. Daar is ander konsepsies van ras en nasie waarmee u ook bekend is. Apartheid het byvoorbeeld ras as basis. Die apartheidsonderskeid en -

rangorde tussen wit, bruin, Indiër en swart is 'n voorbeeld daarvan. Die idee van apartheid was dié van afsonderlike nasies of volke. Die African National Congress met sy middelklas ontstaansgronde gebruik ook ras as basis vir hul begrip van die nasie. Die Afrikanistiese stroming in die Suid-Afrikaanse politiek stel by voorkeur voor dat slegs “Africans” die nasie vorm. Vandag sou die EFF byvoorbeeld met dié stroming verbind word. In teenstelling tot dié konsepsies, beskou Alexander ras as ’n ideologiese skepping. In gewone Afrikaans: ras is vir hom ’n valse kategorie, waarvoor daar geen biologiese gronde is nie.

Met dié agtergrond kan ek kortliks een en ander sê oor taal.

Alexander se vroeë beskouing van Afrikaans val nou saam met dié begrip van die Suid-Afrikaanse samelewing. In sy boek *One Azania, One Nation* (2013 [1979], p. 28) skryf hy dat die Afrikaans van die Genootskap vir Regte Afrikaners tydens die periode van Britse kolonialisme gebruik is om “’n gevoel van nasionale eenheid onder Afrikaners” te vestig onder die slagspreuk “Ons Taal, Ons Volk en Ons Land”. Sulke handelinge het ’n regstreekse uitwerking gehad op die skepping van die bewustheid van ’n besondere kultuurgroep. Die ontwikkeling was verteenwoordigend van die ekonomiese belange van die ’n klas opkomende boere in die Wes-Kaap. Geleidelik sou dié kragte verenig met die opbloeï van Afrikaner-nasionalisme, die vestiging van Afrikaner-kapitaal en die apartheidstaat.

Die Britse koloniale taalbeleid het Engels vooropgestel en daarmee voorkeur aan belange van imperiale kapitalisme gegee. In *Language Policy and National Unity in South Africa/Azania* (1989, p. 20) skryf hy dat Engels die taal van ’n klein elite geword het. Die taal en Engelse kultuur het ekonomiese en sosiale waarde gekry, sodat hierdie klein elite hul eie inheemse tale en kulturele waardes begin versak, afgeskeep en selfs begin minag het: “A typical colonised mind or slave mentality became one of the most potent weapons of colonial policy, a programme built into the consciousness of black people (and of many whites) that ensured that the *status quo* was, by and large, accepted as good and just.” Engels, die waardes wat Engels verteenwoordig het, het saamgehang met die opkoms van die klein middelklas elite.

Wat inheemse tale betref, wys Alexander daarop dat Europese sendelinge met die neerskryf van gesproke tale “inadvertently and unintentionality” bygedra het tot die

skepping van etnisiteit (*Language Policy*, p. 22). Arbitrêre taalonderskeidings en gebiedskeidings is gemaak wat tot skadelike maatskaplike, kulturele en politieke handelinge aanleiding gegee en bygedra het tot die fragmentering en onderdrukking van plaaslike mense. Hierdie etniese skeppings het die basis geword waarop Europese en apartheid geskiedkundiges en politieke wetenskaplikes hulle navorsing gebaseer en in die praktyk neerslag gevind het.

Om die uitwerking van verdeling op grond van “stamidentiteite” en “stamtale” teen te werk, put Alexander uit ’n artikel van Jacob Nhlapo in 1944 om een van sy mees kontroversiële voorstelle te maak. In kort behels dit dat die gesproke variëteite van byvoorbeeld Xhosa, Zoeloe, Ndebele en Swati geharmoniseer en gestandaardiseer word in as ’n geskrewe Nguni-vorm. Dieselfde sou geld vir die verskillende vorme van Sotho. Hierdie gestandaardiseerde vorme sou dan in formele en skriftelike situasie voorkeur kry en ontwikkel word met die gesproke vorme as streeksvariëteite. Sy verwagting was dat met verloop van tyd die gesproke vorme nader aan die standaard ortografie (skrif) sou skuif, omdat dit die vorm sou wees wat in ’n demokratiese staat oor vermeende stamgrense as hoëfunksietale bevorder sou word.

Van sy laaste publikasies het oor die herstandaardisering van Afrikaans gehandel en het in Kwesi Kwaa Prah se versameling *Veelkantiger Afrikaans* (2012) verskyn. Hy bepleit dat Afrikaanstaliges ’n projek van restitusie en versoening moet onderneem wat die “partikularistiese en rassistiese projek” van Afrikaner-nasionalisme ondermyn. Dit is sy standpunt dat Afrikaans nie aan die Afrikaner “behoort” nie, maar aan almal wat Afrikaans praat. In dié opsig is Arabiese Afrikaans ’n belangrike voorbeeld van ’n stuk versteke taalgeskiedenis wat toenemend aantoon dat die wordingsgeskiedenis van Afrikaans veelduidend is. Net so is die voorbeeld van Jacob Dlamini wat na Afrikaans in die townships as “die taal van nostalgie” verwys.

IV

Hoe sou Neville Alexander vandag ons situasie beskou?

Oor die jare het hy voortdurend gewaarsku dat indien maatskaplike ongelykheid nie stelselmatig aangepak word nie, doelwitte soos “maatskaplike samehorigheid” en “nasionale eenheid” moeilik haalbaar is. Die oorblyfsels van kolonialisme en apartheid

soos rasbeskouings, etnisiteit, taalverdelings en klas moes doelgerig aangepak word in 'n ekonomiese bestel wat groter gelykheid bewerkstellig.

Ras- en etniese bewustheid het die afgelope drie dekades waarskynlik verdiep; hiërargieë geskoei op vooroordele rondom etniese posisionering het verdelende afmetings aangeneem met die toepassing van die beleid van regstellende aksie, terwyl dit skrikwekkend toegepas word in die konstante voorvalle van vreemdelingehaat. Korrupsie, 'n kultuur van vertoon en die uitbuiting van staatsbronne vir eie gewin het hom gegru, en ook dit het die afgelope dekade meervoudig toegeneem. Hy sou uitwys dat die ANC as party en draer van 'n stel maatskaplike waardes deelagtig is aan die verdieping van die armoede, die uitsluiting en ontheemding van die mees marginale mense in ons samelewing. Hy sou daarop wys dat dié toestand nie maar net die gevolg van persoonlike tekortkominge of gebrekkige waardes is nie, maar toegeskryf moet word aan 'n ekonomiese bestel wat lei tot elite-bevoorregting en uiterste individualisme.

Dit is teen hierdie agtergrond dat ons dan ook die taalsituasie in die land moet verstaan wat juis weer tydens die bekendstelling van die “Internasionale dekade van inheemse tale” aan die begin van die week onder die loep gekom het.

Terwyl Engels as 'n skakeltaal gevestig is, het dit duidelik geword dat die huidige regering oor al sy administrasies heen weinig gedoen het om die toegang van gemarginaliseerde mense tot die ekonomie moontlik te maak. Min is gedoen om die skeidings wat koloniale en apartheidstaalbeplanning gevestig het, af te breek, net soos daar min gedoen is om beleidsrigtings daar te stel om Suid-Afrikaanse tale gedeelde goedere te maak. In kort: Die anglosentrisme van die ekonomiese elite het verdiep en weinig is gedoen om Afrikatale stelselmatig te bevorder. Dié ontwikkelinge het Alexander verontrus, nie net omdat dit die potensiaal van 'n verenigde nasie ondermyn nie, maar omdat dit fundamenteel beteken dat maatskaplike ongelykheid en ongeregtigheid toegeneem het.

Die pogings tot die herskepping en herkonstruksie van stamidentiteite soos Khoi en San sou hom negatief stem en hy sou dit probeer verklaar as 'n teenreaksie, die uitwerking van die post-1994 staat en die wyse waarop rasetniese kapitalisme 'n nuwe elite geskep het wat nie net wit is nie, maar toenemend ook swart is.

Op 'n mikrovlak sou hy positief wees oor die bewustheid van die potensiaal van Afrikatale en geleidelike herbesinning oor die veelvoudige geskiedenis van Afrikaans. Hy sou positief staan rondom die ontwikkeling van Arabiese Afrikaans en ons aanmoedig om die ander versteke geskiedenis van Afrikaans op te diep.

Met hierdie woorde wil ek die Afrikaanse Taalmuseum gelukwens met hulle Arabiese Afrikaans-kompetisie. Dit vestig die aandag op 'n belangrikste aspek van die taal se wordingsgeskiedenis, herbevestig 'n tradisie, en belangrik, dit brei die a'jami-tradisie uit, breër as net die tradisionele godsdienstige gemeenskap. Ek wil al die deelnemers aan die kompetisie bedank vir hulle kreatiwiteit. Aan die prysweners: baie geluk!

Ten slotte: ook my gelukwensing aan die prysweners van die Neville Alexander-eerbewyse vir julle rol in die gemeenskap om Afrikaanse in sy veelkantigheid te vestig. Baie geluk.
